

Gesindheidsverandering – Die Hoofdoel van Godsdienst - Nick Maartens

*“Toe die tyd nader kom dat Jesus in die hemel opgeneem sou word, het Hy **vasbeslote** die reis na Jerusalem begin...” (Luk.9:51, NAV).*

Jesus se opgaan na Jerusalem verteenwoordig die kulminasie van Sy gehoorsaamheid aan Sy Vader se wil vir Sy lewe. Daar sou Hy, deur Sy kruisdood, versoening doen vir die sondes van die wêreld. Om hierdie Goddelike doel vir Sy lewe te vervul het Hy **“vasbeslote die reis na Jerusalem begin...”**

Wat is die “Jerusalem” vir jou en my lewe? Wat is die belangrikste geestelike doelwit wat ons “vasbeslote” na moet mik? Die algemene konsep is dat dit betrokkenheid by een of ander godsdienstige aktiwiteit moet wees, soos byvoorbeeld om gereeld kerk toe te gaan, om sendingwerk te doen, om by een of ander opheffingswerk betrokke te wees, of om meer Bybel te lees en meer te bid. Hierdie idee van godsdienst dra baie daartoe by dat die Bybelse boodskap van God se “Jerusalem” vir ons lewe, gemis word. Volgens die Skrif is “om te wees” belangriker as “om te doen” – wat jy is, gaan die geestelike kwaliteit van jou “doen” bepaal. Ons karakters is ’n spieëlbeeld van wat ons is, en wat ons is, word na buite ten toon gestel deur ons gesindhede. Om die ontwikkeling van ons karakters en gesindhede draai die hoof boodskap van die Nuwe Testament. Dit is so belangrik dat God Sy krag en Sy vyfvoudige bediening beskikbaar stel om die gelowige in hierdie groeiproses te help:

*“En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun **tot opbouing van die liggaam van Christus**, tot ’n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus...” (Ef.4:11-13).*

Een van die belangrikste doelstellings van geestelike bediening is om gelowiges te help met karakterontwikkeling sodat hul gesindhede meer en meer dié van Jesus openbaar.

Petrus bevestig dit as hy skryf: *“Immers, sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien, deur die kennis van Hom wat ons geroep het deur sy heerlijkheid en deug, waardeur Hy ons die grootste en kosbare beloftes geskenk het, **sodat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur**, nadat julle die verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld is. En juis daarom ook moet julle **met aanwending van alle ywer by julle geloof** voeg die deug, en by die deug die kennis, en by die kennis die selfbeheersing, en by die selfbeheersing die lydsaamheid, en by die lydsaamheid die godsvrug, en by die godsvrug die broederliefde, en by die broederliefde die naasteliefde” (2 Pet.1:3-8, my beklemtoning).*

Ander skrifgedeeltes dra dieselfde boodskap oor:

“...want die koninkryk van God bestaan nie in woorde nie, maar in krag” (1 Kor.4:20).

Die woord *krag* (*dunamis*) in hierdie skrifgedeelte, word in die Amplified Bybel so vertaal:

*“...**moral power and excellence of soul...**”*

“For the kingdom of God consists of and is based on not talk, but power – moral power and excellence of soul.”

Jesus se leringe in die Bergpredikasie rus op die fondament van die gesindhede wat Hy by Sy volgelingen verwag:

“Salig is die wat arm van gees is (wat weet hoe afhanklik hulle van God is)

Salig is die wat treur (oor hulle eie sondes, sowel as die sondigheid van die wêreld)

Salig is die sagmoediges...

Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid...

Salig is die barmhartiges...

Salig is die wat rein van hart is...

Salig is die vredemakers...

(Matt.5:3-12).

(Almal gesindhede!)

Paulus het hierdie boodskap van gesindhede goed verstaan en het dit so aan die gemeente in Rome oorgedra:

“Want die koninkryk van God is nie spys en drank nie, maar geregtigheid en vrede en blydschap in die Heilige Gees” (Rom.14:17).

As ’n mens die situasie in die wêreld om ons ontleed word dit duidelik dat die meeste van die hartseer en onmin onder mense, veroorsaak word deur iemand wat ’n slegte gesindheid openbaar. Geestelike groei behels nie net die vermeerdering van Skrifkennis nie; die hoofdoel het te doen met die ontwikkeling van goddelike karakter.

*“En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in ’n spieël die heerlijkheid van die Here aanskou, **word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlijkheid tot heerlijkheid, as deur die Here wat die Gees is**” (2 Kor.3:18, my beklemtoning).*

Slotsom

Alhoewel ’n mens nie beheer het oor sekere negatiewe omstandighede wat oor jou pad kom nie, kan ’n mens tog werk aan hoe jy daarteenoor gaan reageer. Jou gesindheid ten opsigte van ’n negatiewe situasie kan in ’n mate verander word deur op iets anders te fokus. Om ’n eenvoudige voorbeeld te noem: my seun het ’n swembad voor sy slaapkamervenster gebou en hy vertel my dat die geluid van die suiwingstelsel hom in so mate gesteur het dat hy vir twee maande nie ordentlik kon slaap nie. Hy besef toe dat hy of die swembad sou moes toegooi, of dat hy sy gesindheid ten opsigte daarvan drasties sou moes verander. In plaas daarvan om na die geraas te lê en luister, hou hy hom toe met ’n interessante boek besig. Hy vertel my dat hy die geluid van die swembadpomp nou nie eers meer hoor nie. Dit is waar dat ’n mens geweldig beïnvloed word deur dit wat jy gedurigdeur op fokus. Die Woord moedig ons aan: “ Verder, broeders, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is—watter deug en watter lof daar ook mag wees, **bedink dit (Fil.4:8, my beklemtoning).**

*“... laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê, **die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof...**” (Heb.12:1-2, my beklemtoning).*

In ernstige situasies het ’n mens die hulp van die Heilige Gees nodig om jou te help om jou gesindheid ten opsigte van negatiewe dinge te verander.

Die hoofdoel met alle geestelike aktiwiteit moet wees om nie net Skrifkennis te vermeerder nie, maar om meer en meer die gesindhede van Jesus in ons lewe te openbaar.

In die volgende aanhaling uit een van Paulus se briewe is dit hoofsaaklik gesindhede wat aangespreek word!:

“Laat die liefde ongeveins wees; verafsku wat sleg is; hang die goeie aan; wees hartlik teenoor mekaar met broederlike liefde; die een moet die ander voorgaan in eerbetoning; wees nie traag in die ywer nie; wees vurig van gees; dien die Here; verbly julle in die hoop; wees geduldig in die verdrukking; volhard in die gebed. Maak voorsiening in die behoeftes van die heiliges; streef na gasvryheid; seën die wat julle vervol, seën en moenie vervloek

nie; wees bly met die wat bly is, en ween met die wat ween; wees eensgesind onder mekaar; moenie na hoë dinge streef nie, maar voeg julle by die nederige; moenie eiewys wees nie; vergeld niemand kwaad vir kwaad nie; bedink wat goed is voor alle mense; as dit moontlik is, sover as dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense. Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here. As jou vyand dan honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want sodoende sal jy op sy hoof vurige kole ophoop. Laat jou nie deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie" (Rom.12:9-21).

Nick Maartens

Bloemfontein

0827826074

E-pos: nickmaartens@hotmail.com

www.nickmaartens.co.za